

## **AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: Graad 1 KWARTAAL 2**

### **Hersiene Nasionale Onderrigplan**

#### **RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE AANGEPASTE KURRIKULUM VIR TALE IN DIE GRONDSLAGFASE:**

Let asseblief op die volgende:

1. Die KABV document vir kwartale 1-4 (2021) is in een document saamgevoeg.
2. Die kurrikulum is aangepas om die kernkonsepte en vaardighede aan te spreek.
3. Die eerste paar weke moet gebruik word om klanke aan te leer / vaardighede wat nie die vorige jaar aangespreek is nie.
4. Leerders sal op verskillende vlakke wees. Alle skole sal nie dieselfde wees nie. As 'n skool dit nie nodig vind nie, moet hulle KABV volg vanaf die eerste kwartaalinhoud.
5. Die onderwerp /temas en woordeskat vir FAL is slegs voorstelle en is nie verpligtend nie. Onderwysers moet temas gebruik wat van toepassing is op die skoolkonteks. Kies u woordeskat volgens u tema.
6. Wanneer groepwerk gedoen word, moet sosiale afstand in ag geneem word.

#### **Skoolgebaseerde Assessering**

1. Assessering vind plaas op 'n deurlopende basis in die Grondslagfase.
2. Let op die verskil van Assessering VIR leer en Assessering VAN leer.
3. 'n Groter fokus moet op formatiewe assessering wees.
4. Laat u lei deur die SBA-riglyne. (Rubrieke en kontrolelyste word in hierdie gids gevind). Die Rubrieke is ook slegs voorstelle.
5. Assessering kan slegs plaasvind wanneer inhoud reeds behandel is. Assessering moet daarvolgens aangepas word.

**Hierdie is uitsonderlike tye. Ons wil u graag bedank vir die feit dat u, u uiterste bes probeer om ons leerders voor te berei.**

## 2021 Hersiene Nasionale Onderrigplan – Kwartaal 2 : AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: Graad 1

Kwartaal 2 51dae	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10
Voorgestelde tema	Vriende	Vriende	Goed wat groei	Goed wat groei	Diere	Diere	Sport en speletjies	Sport en Speletjies	Die drie klein varkies	Die drie klein muisies
KABV TEMA	<b>LUISTER EN PRAAT</b>									
KABV TEMA	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Begin deur te groet</b></li> <li>• <b>Liedjie/rympie</b></li> <li>• <b>Vra 'n oop vraag ('n vraag met geen verkeerde antwoord nie)</b></li> <li>• <b>Tema woordeskat van die dag</b></li> <li>• <b>Sigwoorde</b></li> </ul>									
Kernkonsepte, vaardighede en waardes	<p>-Groet die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>-Ook te vra: "Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Antw: "Met my gaan dit goed/sleg"</p>	<p>-Groet die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>-Ook vriend te komplimenteer: "Jy lyk mooi/gelukkig/hart seer/vandag"</p> <p>(Ook goeie maniere om mense te groet waarmee jy nie vriende is nie)</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>-Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>Ook te vra: "Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Antw: "Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>-Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>-Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>Ook te vra: "Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Antw: "Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>-Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Mooi loop"</p> <p>-Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Mooi loop juffrou"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>-Vra maat: Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Maat moet antw: Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>Ruil rolle om</p> <p>Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Mooi loop"</p> <p>Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Mooi loop juffrou"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>Ook vriend te komplimenteer: "Jy lyk mooi/gelukkig/hart seer/vandag"</p> <p>-Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Stuur groete"</p> <p>-Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Dankie juffrou ek sal"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>Vra maat: Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Maat moet antw: Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>Ruil rolle om</p> <p>Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Stuur groete"</p> <p>-Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Dankie juffrou ek sal"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>-Vra maat: Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Maat moet antw: Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>Ruil rolle om</p> <p>Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Mooi loop"</p> <p>Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Mooi loop juffrou"</p>	<p><b>Groet</b> die leerders in Afrikaans "Goeie more klas"</p> <p>-Leerdere groet terug "Goeie more Juffrou"</p> <p>-Groet maat langs hom. "Goeie more Jayden"</p> <p>-Vra maat: Hoe gaan dit met jou?"</p> <p>-Maat moet antw: Met my gaan dit goed/sleg"</p> <p>Ruil rolle om</p> <p>Juf groet wanneer huis toe gaan: "Totsiens Klas "</p> <p>"Mooi loop"</p> <p>Leerdere groet juffrou: "Totsiens juffrou"</p> <p>"Dankie juffrou ek sal"</p>



<p><b>Vraag van die dag</b></p>	<p>Wat is 'n vriend?</p> <p>-Wat doen jy graag saam met jou vriend?</p> <p>-Wie hou daarvan om met hulle vriend te praat?</p> <p>-Hoeveel hou daarvan om met hulle vriende te speel?</p>	<p>Het jy al ooit met jou vriend baklei? Waaroor?</p> <p>Hoe het dit gevoel?</p> <p>Hoe het julle dit reggemaak of opgelos?</p>	<p>Wie werk in die tuin by die huis? Wat dink jy het 'n saadjie nodig om te groei?</p>	<p>Wat wil jy in jou tuin plant en laat groei?</p> <p>En hoekom?</p>	<p>Wie het troeteldiere?</p> <p>Watter troeteldier is jou gunsteling?</p>	<p>Watter plaasdier is jou gunsteling?</p> <p>Watter wilde dier is jou gunsteling?</p>	<p>Watter sport hou jy van?</p> <p>Hoekom?</p>	<p>Watter sportsoort se reëls ken jy?</p>	<p>Van watter tipe huis hou jy?</p> <p>Hoekom?</p>	<p>Watter nes dink hulle is die sterkste?</p> <p>Hoekom?</p>
<p><b>Voorgestelde woordeskat</b> (leer 4 woorde 'n dag)</p>	<p>Vriend, vriende, Ons, saam, groep, praat, speel,swaai, lekker vriendelik, maat, vriendskap goeie/gaaf/beste alleen, deel Grappies, lag, onvriendelik, spelgrond, klimraam, glybaan,swaai skaam</p>	<p>Baklei, argument, gelukkig, hulle, julle, ongelukkig, lelik, nors, jammer, onverskoning vra, gevoel, vrede, tevrede, jaloesie, pret, geheim, suinig, vererg, kwaad, liefde, mededeelsaam, vriendelik, help, ignoreer, kompetisie,</p>	<p>Grond, saad,son, Water, groei, stingel, blare, plant, spit, grawe, natmaak, versorg, plante, groen, bome, gras, blare, stingel, blomme, struike, bedding, wortels, ontkiem, verlep, onkruid, bossies, virk, graaf, tuinslang, kruitwa, handskoene, kraan, gieter,grassnyer werk, tuinier, genoeg</p>	<p>Plante, blomme, bome, vrugte, groente, piesangs, tamaties, aartapples, kool wortels, pampoen, marog, spinasie, uie, blaarslaai, boontjies, appels, perskes, waatlemoen, suurlemoen, lemoene, piesangs, pere, veselperske, advokado, pruime, litchi, grenadilla, granaat, pluk, knip, snoei, behandel, ryp,gif, insekte skaduwee</p>	<p>Troeteldier, plesier, blaf, maai, tweet, sing, hond, kat, vissie, voël,slaap, hardloop, has, spring, storm, kwaai, stert, draf, snork, eet, snoet, bek, pote, skubbe, swem, vinne, pels, buite, binne, kos, bakke, bad, skoonmaak, vlooië, bosluise, siektes, veearts, Troetel, beskerm, voer, versorging, hap, byt</p>	<p>Plaasdier, mak, getem, koei, skaap, bok, eend, gans, hoender, vark,perd, vere, melk, eiers, heining, kamp, hok, voer, vleis, bulk, blaas, blêr, kekkel, vreet, pik, lê, kalkoen,kloek bees, wildedier, wild, olifant, cheetah, leeu, seekoei, zebra, kameelperd, hyena, buffel, luiperd, aap, skilpad</p>	<p>sport, baan. Veld, spelers, afrigters, kompetisie, wedstryd, wenners, verloorders, oefen, wen, verloor, vining, stadig, doel, span, kaptein, doelhof, telling, slaan, skop, speel, hardloop, draf, wenpaal, medalje, trofee, podium, skare, toeskouers, beserings, noodhulp, rus, dieet, spandrag,</p>	<p>reëls, fluitjie, veiligheid, respek, spanwerk, kaptein, motivering, straf, karate, regverdig, onregverdig, kante, luister, gehoorsaam</p>	<p>huis, dak, mure, bly, woon, geute, bakstene, sink, vensters, deure, kamers, hek, heining, vertrekke, stoep, motorhuis, buitekamer, afdak, kombuis, eetkamer, slaapkamer, woonvertrek, sitkamer, badkamer, mat, teëls, verf, sement, geute, glas, hout, meubels, bad, stort, wasbak, toilet, skoon, was, stofsuiig, vee, krag, elektrisiteit, lig, lug, veilig, regmaak, buite, binne, gereedskap, plaveisel,</p>	<p>nes, muis, gras, riet, klip, rots, sterk, swak, slang, seil, sis, hardloop, snorbaarde, klein, lank. Veilog, gevaarlik, klop, bou, klein, groot, reptile, knaagdier, slap, eet, piep, dam, moeg, gevaarlik, waarsku, kraak, slaan, breek, eerste, tweede, derde</p>



	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)	daarvan/dramatiseer die storie)	storie: gunsteling deel/'n deel daarvan/dramatiseer die storie)
Kurrikulumdekking	<p><b>Ontluikende Geletterdheid</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Herken algemene woorde uit die alledaagse omgewing</li> <li>Ontwikkel ontluikende lees, bv die konsep van die teks deur die gedeelde leesaktiwiteit</li> </ul> <p><b>Gedeelde lees</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Luisterna, volg die storie of nie-fiksie-tekst en kyk saam met die onderwyser na die prente</li> <li>Praat oor die prente en gebruik die huistaal indien dit nodig is.</li> <li>Identifiseer voorwerpe in die storie.</li> <li>Beantwoord eenvoudige vrae met behulp van prente.</li> <li>Na herhaalde lees, neem op gepaste tye aan refreine deel</li> <li>Dramatiseer die storie deur gedeeltes van die teks te gebruik</li> <li>Teken 'n prent wat die hoofgedagte van die storie weergee.</li> </ul>									
Datum voltooi										
<b>KABV TEMA</b>	<b>KLANKE</b>									
<b>Kernkonsepte, vaardighede en waardes</b>	<p>Doen hersiening van die klanke, vir die volgende twee dae, wat geleer is in Kwartaal 1</p> <p style="text-align: center;"><b>o</b></p> <p><i>ons, onder, op, oggend, of,</i></p> <p>STEL DIE /o / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke, reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>p</b></p> <p><i>pret, pop, pos, praat, plak, prent, papier, piesang, partytjie,</i></p> <p><i>op, kop, sop</i></p> <p>STEL DIE /p / FRASE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>g</b></p> <p><i>groot, groen, gooi, groei, gou, gaan, genoeg, gieter, geraas, gras, grassnyer, grawe, gat</i></p> <p>STEL DIE /g / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>r</b></p> <p><i>roos, rooi, rou, ryp, raak, rok, reën, raai, ry, rank, rol, reg</i></p> <p>STEL DIE /r / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>h</b></p> <p><i>hond, hoed, hy, hou, haas, hop, hardloop, haastig, hol, hap</i></p> <p>STEL DIE /h / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>e</b></p> <p><i>eet, ek, elke, en, ent, erdwurm, eiers, hek, hen, nes, weg, mes, pen, lê, sê,</i></p> <p>STEL DIE /e / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>b</b></p> <p><i>bokser, boks, bene, bang, baie, beter, beste, beweeg, bewe, bo, boom, buk, by, baan, bus, bal, boek</i></p> <p>STEL DIE /b / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>w</b></p> <p><i>was, werk, wen, woeker, weer, wanneer, wolk, wiel, water, wiel, wol, wurm, wortel, waatlemoen,</i></p> <p>STEL DIE /w / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke, reeds geleer</p> <p style="text-align: center;"><b>k</b></p> <p><i>kamer, kombuis, kas, kan, ketel, kraan, kombers, koek, kam, krag, koffie, koppie</i></p> <p><i>wasbak, rak, hek, dak, maak</i></p> <p>STEL DIE /k / GEDIGGIE BEKEND</p>	<p>Doen hersiening van die klanke en woorde reeds geleer (a,s,l,v,o,p,g,r,h,e,b,w,k)</p> <p>Wys leerders hoe om woorde te bou met klanke wat aangeleer is:</p> <p>k-o-s s-a-k h-e-k b-a-k w-a-s l-o-s h-o-p p-o-s s-a-l h-o-k</p>

	<p>/o/, Ons speel saam, /o/ Op die klimraam, /o /Ons speel saam, /o/,o/ Op die swaai, en ons waai</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>a</b> en <b>o</b></p> <p>Breek elke sin in woorde op deur elke woord te klap.</p> <p>Klap lettergrepe: Klim-raam</p>	<p>Ons plak 'n prent van 'n pop en 'n piesang op 'n papier. Dit was pret. Ons pos die prent.</p> <p>Herhaling van die <b>p</b>-klank en <b>o</b>-klank</p> <p>En hersiening van die <b>s</b>-klank.</p> <p>Breek elke sin in woorde op deur elke woord te klap.</p>	<p>Ek moet die tuinwerk doen, /g/,g/Die gras is lank en groen /g/Ek moet die grassnyer kry /g/,g/en die gras gaan sny /g/,g/,g/Die grassnyer maak 'n groot geraas /g/,g/Ek moet dit gou gaan sny anders kry ek raas</p> <p>Breek elke sin in woorde op deur elke woord te klap.</p> <p>Sê die sin en leerder wys elke keer wanneer die g-klank gehoor word ( kan ook tel hoeveel g's in 'n sin)</p>	<p>/r/,r/ Die ryp rooi tamatie /r/ rol oor die tafel Ek probeer keer! 'n hele paar keer.. En nou /r/ reg onder die tafel /r /lê 'n rooi "plat" tamatie.</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>g</b> en <b>r</b></p> <p>Klap op die lettergrepe van woorde: Vrug-te Groen-te Plan-te Ta-ma-tie Ta-fel</p>	<p>/h/,h/,h/ Die haastige hasie hop /h/,h/ Hy sit sy hoed op /h/ hy klop op die slakkie se dop En sê: /h/ "Hou my dop</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>r</b> en <b>h</b></p> <p>Klap op die lettergrepe van woorde: Ha-sie Haas-ti-ge Slak-kie</p>	<p>/e/, /e/ "Ek het 'n eier gelê" /e/,e/ "Ek het 'n eier gelê" Kekkel die hen Wie wil hom hê? Wie wil hom hê? die boervrou het gesê Sy wil dit hê.</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>h</b> en <b>e</b></p> <p>Identifiseer die woorde wat rym</p>	<p>/b/,/b/,/b/,/b/Die bang bokser se bene bewe /b/ Hy boks vir sy lewe. /b/ Hy buk en koes want die geveg is woese. /b/,/b/ Bing-bing! Sjoe! /b/,/b/ Hy is sommer baie bly Die geveg is verby!</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>e</b> en <b>b</b></p> <p>Identifiseer die woorde wat rym</p>	<p>/w/ Die atleet werk hard elke dag /w/,w/,w/ Want hy weet die beker wag /w/,w/ Woensdag hardloop hy weer /w/ en die afrigter wat hom ken /w/ sê: "hy gaan definitief wen."</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>b</b> en <b>w</b></p> <p>Identifiseer verskillende beginklanke in woorde</p>	<p>/k/ Die kombuis is in my huis /k/,k/ Die ketel kook /k/ Daar is koek ook /k/,k/,k/, Kan ek 'n koppie kry? /k/ Ek gaan koffie maak en jy?</p> <p>Onderwyser wys en klank vir die leerders die verskil tussen die klanke <b>w</b> en <b>k</b></p> <p>Identifiseer verskillende beginklanke in woorde</p>	<p>Maak klankpatrone en die leerders moet die onderwyseres na doen</p> <p>Breek sinne op in woorde op deur elke woord te klap.</p>
<p>Kurrikulumdekking</p>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Breek sinne in woorde op deur op elke woord te klap, bv sinne uit die storie</li> <li>• Klap op lettergrepe van die bekende woorde.</li> <li>• Identifiseer, met behulp van die onderwyser, woorde wat in die stories, liedjies en rympies rym, bv luister en fluister</li> <li>• Identifiseer verskillende beginklanke in woorde.</li> </ul>									
<p>Datum voltooi</p>										
<p><b>KABV TEMA</b></p>										

SKRYF										
Onthou om altyd eers die skryf op die bord te modelleer										
<b>Kernkonsept e, vaardighede en waardes</b>	My vriend is....	Ons doen graag.....saam	Ek wil ....groei	My tuin is vol....	Ek wil 'n...sien.	My gunsteling dier is....	Ek wil....speel.	Ek speel met.....	Ek wil 'n....bou.	Die drie klein muisies.....
	<u>Leerders teken:</u> -Hulleself met hul beste vriend	Leerders teken: -Dit waarvan hulle hou om saam met hulle vriende te doen	Leerders teken: - Dit wat hulle wil plant/laat groei	Leerders teken: -Hulle tuin	Leerders teken: -'n Dier wat hulle graag wil sien	Leerders teken: - Hulle gunsteling dier	Leerders teken: -'n Gunsteling sport	Leerders teken: -Met wie hulle sport speel	Leerders teken: -Die huis wat hulle wil bou	Leerders teken: -Die drie klein muisie
Kurrikulumdekking	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skryf, met hulp van die onderwyser, 'n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is</li> </ul>									
Datum voltooi										
Uitgebreide Aktiwiteite	<p>-Teken 'n prent van hulle beste vriend/vriende</p> <p>-Vriende kan hul name gaan byskryf (Kan kyk dan wie se naam het 'n o in)</p>	<p>-Teken 'n prent: waarvan hulle hou om saam met hulle vriende te doen Kan ook: -Leerders plak op 'n papier n prent van 'n pop en 'n piesang -Leerder kan self herhaal aan die onderwyser wat hy doen: Ek plak n prent van n pop en 'n piesang op 'n papier -Sit in geadresseerde koevert om gepos te word.</p> <p>-Leerders kyk in adres of hulle bekende klanke herken .</p>	<p>-Teken 'n prent van dit wat hulle wil plant/laat groei</p> <p>Onderwyser kan los woordjies (groen, gras,gieter, grond, ens.)gee wat leerders kan plak op hulle prentjie wat hulle geteken het.</p>	<p>-Teken hulle eie tuin</p> <p>-Kan 'n lysie plak van wat hulle nodig het om mee tuin te maak. Kan dit nommer van bo na onder -Kan pretjies op die lysie terug lees wanneer daar tyd is.</p>	<p>-Teken 'n dier wat hulle graag wil sien</p> <p>-Teken hulle eie troeteldier en onderwyseres kan die troeteldier se naam op skryf Sy kan dit in die klas opsit en wanneer daar 'n vrye tyd opduik, die leerders geleentheid gee om iets oor hul troeteldier ted eel.</p>	<p>-Teken hulle gunsteling plaasdier of wilde dier -By die plaasdier prentjie, kan prente van produkte van dier geplak word -By die wilde dier kan hulle plak wat die dier eet</p>	<p>-Teken 'n gunsteling sport</p> <p>-al dieselfde soorte sport groepeer en kyk van watter sport hou die klas die meeste/minste.</p>	<p>-Teken met wie hulle sport speel</p> <p>-Gee spannaam en onderwyseres kan dit neerskryf en leerder deel dit met klas.</p>	<p>-Teken die huis wat hulle wil bou</p> <p>-Kan ook die Drie varkie storie teken</p>	<p>_Teken die drie klein muisies</p> <p>-Kan grasies, rietjies en klipkes op prent plak</p> <p>-Die leerders kan die s teken vir die slang se tong.</p> <p>-</p>



Vereiste voorkennis	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema	Leerders is vertrouwd met die tema
Hulpmiddels (anders as 'n handbook) om leer te bevorder	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke	Grootboeke Flitskaarte Prente Plakate Leesboeke
Assessering vir leer (Informele Assessering)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die aktiwiteite moet waargeneem en beoordeel word tydens die daaglikse Taalaktiwiteite</li> <li>Alle vaardighede is nie nodig om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar die onderwyser moet verseker dat die leerlinge geleenthede kry om hierdie vaardighede mondelings en prakties te demonstreer.</li> <li>Dit moet informeel en deurlopend gedoen word.</li> <li>Gebruik 'n kontrolelys vir assessering vir leer (Informele Assessering)</li> </ul>									

## ASSESSERING: KWARTAAL 2

### ASSESSERINGSPROGRAM

Komponent	Watter vaardighede moet geassesseer word	Vorm van assessering	Assesserings instrument	Telling (voorstel)	Datum van voorgestelde voltooiing	Datum van voltooiing
Luister en Praat	<ul style="list-style-type: none"> <li>Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies en vrae</li> <li>Wys na en benoem voorwerpe in die klaskamer of op prente na aanleiding van instruksies van onderwyser</li> </ul>	Waarneming/ prakties en Mondeling	Rubriek	10	Teen Week 9	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Demonsteer 'n basiese begrip van basiese <i>verbale</i> woordeskat wat geleer is gedurende die kwartaal bv. Te reageer in eenvoudige groetwyses en totsiens</li> <li>Sing eenvoudige liedjies en doen aksierympies</li> <li>Reageer op eenvoudige vrae</li> <li>Gebruik kort frases om hom-/haarself uit te druk met woordeskat wat aangeleer is</li> </ul>		Kontrolelyns	NVT		
<p><b>Notas aan onderwyser:</b> Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Teen Week 9 moet u die kontrolelyns kan voltooi en reeds elke leerder 'n punt kan gee vir twee vaardighede na aanleiding van die rubriek. Op SASAMS dui ons slegs een punt aan vir Luister en Praat</p>						
Klanke Mondeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Klap op lettergrepe van bekende woorde</li> </ul>	Waarneming/ prakties en Mondeling	Rubriek	5	Teen Week 9	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Breek verbale sinne in woorde op deur op elke woord te klap</li> <li>Identifiseer van die rymwoorde in stories, liedjies en rympies</li> <li>Identifiseer verskillende beginklanke in woorde</li> </ul>		Kontrolelyns	NVT		
<p><b>Notas aan onderwyser:</b> Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Mondelinge Klankvaardighede sal waargeneem en geassesseer word <i>gedurende daaglikse aktiwiteite</i>. Teen Week 9 moet u die kontrolelyns kan voltooi en reeds elke leerder 'n punt kan gee na aanleiding van die rubriek. Op SASAMS dui ons slegs een punt aan vir Klanke.</p>						
Lees Mondeling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Luister an reageer na aanleiding van 'n storie wat vertel en gelees is.</li> <li>Sluit aan by refreine na herhaalde lees van 'n teks</li> </ul>	Waarneming en Mondeling	Rubriek	10	Teen Week 9	
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksie teks</li> <li>Demonstreer-in opdrag van die onderwyser-dat die woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe op die prente te wys.</li> </ul>		Kontrolelyns	NVT		
<p><b>Notas aan onderwyser:</b> Alle vaardighede is nie veronderstel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maak egter seker dt u leerders daagliks tydens lesse geleenthede kry om die hierdie vaardighede te demonstreer. Leerders sal waargeneem word volgens hulle leesvaardighede <i>gedurende klasaktiwiteite</i>. Teen Week 9 moet u elke leerder volgens die rubriek 'n punt kan gee. Op SASAMS dui ons slegs een punt aan vir Lees.</p>						
Skryf	<ul style="list-style-type: none"> <li>Teken 'n prent van 'n storie of rympie wat vertel is.</li> <li>Skryf 'n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is.</li> </ul>	Geskrewe werk	Klaswerkboek	NVT	Teen Week 9	
<p><b>Notas aan onderwyser:</b> Skryvaardighede moet waargeneem word tydens Gedeelde Leeslesse en teen Week 9 behoort 'n kontrolelyns voltooi te kan word na aanleiding van u waarneming. Daar is geen formele skryfassessering en aanduiding op SASAMS nie.</p>						
<p><b>TOTALE PUNTE: Punte word op SASAMS aangedui. Die punt sal verwerk word na 'n vlak van 1-7.</b></p>						

	LUISTER EN PRAAT			KLANKE			LEES	SKRYF	KOMMENTAAR
Merk met × or √	Demonsteer 'n basiese begrip van basiese verbale woordeskat wat geleer is gedurende die kwartaal bv. Te reageer in eenvoudige groetwyse en totsiens	Sing eenvoudige liedjies en doen aksierympies	Gebnuik kort frases om hom-haarself uit te druk met woordeskat wat aangeleer is	Breek verbale sinne in woorde op deur op elke woord te klap	Identifiseer verskillende beginklanke in woorde	Identifiseer van die rymwoorde in stories, liedjies en rympies	Demonstreer-in opdrag van die onderwyser-dat die woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe op die prente te wys	Beantwoord eenvoudige vrae oor die storie of nie-fiksie teks	Skryf 'n onderskrif vir sy of haar tekening en lees terug wat geskryf is
Leerders se name									
1.									
2.									
3.									

#### ASSESSERING VAN LEER: PUNTEBLAD

	LUISTER EN PRAAT			KLANKE	LEES			KOMMENTAAR
Merk met × or √	Reageer op eenvoudige mondelinge instruksies en vrae	Demonstreer-in opdrag van die onderwyser-dat die woordeskat in die storie verstaan word deur na die voorwerpe op die prente te wys	<b>TOTAL FOR LISTENING AND SPEAKING</b>	Klap op lettergrepe van bekende woorde	Luister an reageer na aanleiding van 'n storie wat vertel en gelees is.	Sluit aan by reïfreine na herhaalde lees van 'n teks	<b>TOTAL FOR READING AND PHONICS</b>	
DATUM								
PUNT	5	5	10	5	5	5	15	
LEERders SE NAME								
1.								
2.								
3.								

#### RUBRIEK VOORBEELDE

**GRAAD 1 RUBRIEK: KWARTAAL 2**

**LUISTER EN PRAAT**

<b>AKTIWITEIT</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>5</b>
<b>Reageer op eenvoudige vrae en verbale instruksies</b>	Leerder kan glad nie reageer op instruksies sonder om onderwyseres te vra nie	Leerder is huiwerig en onseker om te reageer op instruksies weens taal tekortkominge	Leerder reageer op 2 instruksies	Leerder reageer op 3 eenvoudige vrae en verbale instruksies met selfversekerheid	Leerder reageer op 4 eenvoudige vrae en verbale instruksies met selfversekerheid en sonder enige huiwering
<b>Wys na en benoem voorwerpe in die klaskamer of in 'n prent</b>	Leerder kan na 1-2 objekte wys in die klaskamer met hulp	Leerder kan akkuraat, na 3-4 objekte wys in die klaskamer of in 'n prent, en dit ook benoem	Leerder kan akkuraat, na 5-6 objekte wys in die klaskamer of in 'n prent, en dit ook benoem	Leerder kan akkuraat, na 7-8 objekte wys in die klaskamer of in 'n prent, en dit ook benoem	Leerder kan akkuraat, na 7-8 objekte wys in die klaskamer of in 'n prent, en dit ook benoem

**KLANKKE**

<b>AKTIWITEIT</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>5</b>
<b>Klap die lettergrepe van bekende woorde (4 woorde)</b>	Leerder kan nie die lettergrepe klap sonder die hulp nie	Probeer die lettergrepe klap van 1-4 woorde soos geleer by die onderwyseres maar laat 2-3 lettergrepe uit	Probeer die lettergrepe klap van 2-4 woorde soos geleer by die onderwyseres maar laat slegs een lettergreep uit	Kan 3 woorde se lettergrepe onafhanklik en korrek klap soos aangeleer deur die onderwyseres	Kan 4 woorde se lettergrepe onafhanklik, korrek en met selfvertroue klap

**LEES**

<b>AKTIWITEIT</b>	<b>1</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>4</b>	<b>5</b>
<b>Luister en reageer effektief op 'n storie wat vertel of voorgelees is</b>	Het hulp en leiding van die onderwyseres nodig om korrek te reageer op storie	Probeer om te luister na die onderwyseres en reageer slegs op 'n gedeelte van die storie wat vertel of voorgelees is	Kan effektief luister en reageer op die storie wat vertel of voorgelees is maar die onderwysres moet leerder lei met gebare om beter te verstaan	Luister en reageer effektief en korrek na die storie wat vertel of voorgelees is deur die onderwyseres	Luister en reageer effektief en akkuraat na die storie wat vertel of voorgelees is en sluit aan by die "lees" soos dit vertel en voorgelees word
<b>Sluit aan by refreine na herhaalde frases in 'n teks</b>	Benodig hulp en leiding van die onderwysres om aan te sluit by refreine soos gedemonstreer deur die onderwysres	Probeer aansluit by die refreine soos gedemonstreer deur die onderwyseres.	Kan wel aansluit by die refreine soos gedemonstreer deur die onderwyseres.	Sluit onafhanklik aan, met ritme, by die refreine na herhaalde lees van die teks deur die onderwyseres.	Sluit onafhanklik aan, met ritme, by die refreine na herhaalde lees van die teks deur die onderwyseres en lewer ook eie bydrae en voorstelle.